Goeiemore gemeente

Rentia Pieterse

- My kinders is 5, 7 en 10 jr oud en oor die laaste 10 jaar het ek 'n ekstensiewe hoeveelheid ouerskapboeke deurgelees in 'n poging om hond haar af te maak van die hele ingewikkelde ouerskap ding!

- Wat ek graag met julle wil deel vandag is net 'n klein stukkie uit een van die mees sinvolle ouerskapboeke wat ek nog teegekom het.

- Die boek is geskryf deur Chip Ingram, wat Bruce Wilkinson in 2003 opgevolg het as CEO van Walk Thru The Bible. Die titel is: Effective Parenting in a Defective world'

- In sy laaste hoofstuk spreek hy die feit aan dat ons kinders in die lewe reuse in die gesig gaan staar en dat ons hulle 5 klippies as ammunisie moet gee om hulle te leer om die reuse te oorwin.

- Die 5 belangrike konsepte wat hy sê ons aan ons kinders as wapens moet gee en in hulle karakters moet inbou, is die volgende:

1 - Teach them to suffer well,

2 - Teach them to work 'unto the Lord',

3 - Teach them to manage their wealth wisely,

4 - Teach them to make wise decisions en

5 - When all else fails, teach them to live gracefilled lives.

- Vandag will ek graag kortliks net die 1e punt met julle deel.

- Beide Lourens en Sebastiaan het al vroeer in die jaar in preke hierna verwys, en ek dink dis iets wat so belangrik is om ons kinders te leer:

- Die **lewensmite** waarmee baie kinders groot gemaak word is dat swaarkry ten alle koste vermei moet word.

- Die **lewenswaarheid** is egter dat swaarkry algemeen is.

- Kinders wat in gegoede lande of huise groot word, het baie keer die idee dat swaarkry abnormaal is.

- As iets verkeerd gaan voel hulle ingedoen.

- Ons het 'n kultuur van ' entitlement' of van aanspraak geskep waar wanneer iets verkeerd gaan kinders se eerste vraag is: Wie se skuld is dit en waarom moet ek swaarkry as gevolg van iets wat iemand anders gedoen het?

- Leer jou kinders 'n goeie 'teologie van swaarkry'. Hulle moet 2 basiese feite wat nooit gaan verander nie, begryp:

1 - Life is hard, but God is good (Die lewe is swaar maar God is goed)

2 - Life is unjust, but God is Sovereign (Die lewe is onregverdig, maar God is soewerein)

- Jy weet waarskynlik al dat die lewe soms swaarkry insluit, maar ons kinders word blootgestel aan tv programme en flieks waar mense baie keer nie die gevolge van hulle verkeerde dade of sonde hoef te dra nie.

- Ons weet die lewe is onregverdig, maar dis waarskynlik nog moeilik vir jou kind om te verstaan hoe iemand wat glad nie vir 'n toets geleer het nie, 'n A kan kry, of waarom die afrigter se seun plek in die A-span kry, terwyl jou kind die een is wat al die hele jaar hard oefen.

- Jou kind gaan by jou kom en huil oor hoe onregverdig die lewe is , en so graag soos jy dinge vir hulle wil verander, sal jy meesal nie kan nie.

- Jy het nodig om hulle voor te berei op 'n lewe van teleurstelling en uitdagings.

- Jy will hulle nie terneurgedruk maak nie, maar jy help hulle ook nie deur vir hulle te vertel dat die lewe altyd goed vir hulle sal wees nie.

- Hulle het nodig om te leer na wie toe om te draai wanneer die lewe hulle teleurstel:

- Eers jy as ouer en soos hulle ouer word, na God.

- Een manier om dit te doen is om hulle te herinner aan die storie van Josef. So ver soos ons weet het hy nie verbitterd geraak nie en hy het nie vergelding gevra vir dit wat verkeerd geloop het nie.

- Hy getuig teenoor sy broers in Genesis 50:20: Julle het my wel kwaad aangedoen, maar God het die kwaad wat julle gedoen het, omgekeer in iets wat goed is.

- Leer hulle ook om die voorbeeld van Jesus te volg. Neem hulle na 1 Petrus 2: 21 - 23. Christus, wat vir julle gely het, is julle voorbeeld. Volg in sy spore. Toe Hy beledig is, het Hy nie terug baklei nie, toe Hy gely het het Hy nie gedreig nie.'

- Leer jou kind om op swaarkry te reageer soos Jesus en om nie verbitterd te raak soos so baie mense in die wêreld nie.

- God sal die onregverdige, ongeregtige, pynlike en slegte omstandighede in jou kinders se lewe neem en dit meng met Sy goedheid en Sy soewereiniteit en almag.

- Jou kinders moet weet dat hulle sal swaarkry (Joh 16:33) maar dat God goed is en dat Hy ten volle in beheer is.

- Watter ongeregtighede hulle ookal in die gesigstaar, God sal eendag sy geregtigheid laat geskied.

- Watter swaarkry hulle ookal deurgaan, God kan vrug en seën daaruit voortbring.

- Laastens Turn Suffering into opportunity. Teach them to suffer in a way that is redemptive.

- Gebruik die swaarkry waardeur jou kind gaan as 'n geleentheid om hom te begelei op 'n pad waar jy sy wêreldbeeld vorm deur met Bybelse lense te kyk.

-En natuurlik is die grootste uitdaging vir ons as ouers, om met ons voorbeeld vir ons kinders te wys hoe dit in die dag tot dag se lewe werk.